# GREPE UIT DIE KRYGSKUNS VAN DIE BOEREGENERAALS*

Prof. C. J. Barnard
*Universiteit van Suid-Afrika*


Dit het Groot-Brittanje en die Britse Ryk meer as twee en 'n half jaar gekos om die twee Boererepublieke, die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, in die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902 te onderwerp. Hiervoor moes 'n Britse leër wat uiteindelik ongeveer 450 000 man getel het, in die veld gestoot word teen twee staatjies wie se blanke bevolking, in die woorde van Lloyd George, dié van Flintshire en Denbighshire nie oorskry het nie.[1] Dat die Republieke hul onafhanklikheid so taai verdedig het, het hulle te danke gehad aan die vryheidsliefde, selfopoffering en godsvertroue van die beste deel van die Boerevolk, die volharding en moed van die burgers op kommando en die vasberadenheid en uitnemende krygsmanskap van hul vernaamste offisiere.

In hierdie lesing sal die militêre vernuf van 'n paar van die bekendste Boeregeneraals geïllustreer word aan die hand van 'n tweetal gevegte waarin hulle hulle onderskei het. Die eerste is genl. Christiaan de Wet se aanval op 7 Junie 1900 op 'n Britse voorrade- en ammunisieopslagplek by die spoorweghalte Rooiwal naby die Vrystaatse dorp Koppies. De Wet was teen dié tyd op 45-jarige ouderdom opperbevelhebber van die grootste gedeelte van die Vrystaatste kommando's. Ná sy opspraakwekkende suksesse by Nicholsonsnek in Natal, Bloubank en Paardebergdrif suidoos van Kimberley, Sannaspos, en Mostertshoek naby Reddersburg, was sy roem reeds legendaries. Hy was die eerste Boeregeneraal wat die voordele van mobiele oorlogvoering terdeë besef het. Dit was steeds sy strewe om die oormag van die vyand te vermy en dan weer blitsig toe te slaan wanneer sy teenstanders hul waaksaamheid vir 'n oomblik verslap het.[2]

In die begin van Junie 1900, toe De Wet sy aanval by Rooiwal gedoen het, het die weerstand en moreel van die Republieke, en veral van die Transvaal, 'n laagtepunt bereik. Gedurende die vorige weke het lord Roberts se leër van oor die honderdduisend man onstuitbaar voortgerol langs 'n front wat van Griekwaland-Wes tot in Natal gestrek het. Johannesburg en Pretoria het geval. Pres. Kruger en sy regering het uitgewyk na Machadodorp en die Transvaalse kommando's onder die

*Hierdie artikel word gepubliseer met die toestemming van die redakteur van die *S.A. Krygshistoriese Tydskrif*, waarin dit in Junie 1973 in Engels verskyn het. Dit is die teks van 'n referaat wat prof. C. J. Barnard van Unisa gelewer het voor die S.A. Krygshistoriese Vereniging, Johannesburg. Die kaarte is geteken deur mnr. R. H. Wishart, S.A. Nasionale Oorlogsmuseum, Johannesburg.

1. G. H. L. Le May, *British Supremacy in South Africa 1899-1907* (Oxford, 1965), bl. 36; L. S. Amery (red.), *The Times History of the War in South Africa 1899-1902* (sewe dele, Londen, 1900-1909), VI, bl. 278 (hierna *Times History)*.
2. C. R. de Wet, *De Strijd tusschen Boer en Brit* (18de druk, Amsterdam, 1903), bl. 68, 185; W. K. Hancock en J. van der Poel (reds.), *Selections from the Smuts Papers* (sewe dele, Cambridge, 1966-1973), I (Junie 1886-Mei 1902), bl. 658-660; *Times History*, IV, bl. 260-261.




jong kmdt.-genl. Louis Botha — manne wat aan die Tugela en die Modderrivier soos 'n rotsmuur gestaan het — was in 'n toestand van verslaentheid en verval.

Die Vrystaat is kort tevore (op 28 Mei 1900) tot Britse gebied geproklameer en veertigduisend troepe is agtergelaat om hierdie nuwe toevoeging tot die Britse Ryk onderdanig te hou. Die Vrystaters se weerstand was beperk tot die Noordoos-Vrystaat waar De Wet se burgers agtduisend man getel het. 'n Sterk kordon is reeds om hulle gespan; in die suide het dit gestrek van Winburg oor Senekal na Ficksburg, en in die weste was daar Britse garnisoene in Kroonstad, Lindley en Heilbron (*kyk Kaart* 1). Agter hierdie garnisoene was die treinspoor — lord Roberts se vernaamste toevoerlinie — egter betreklik onbeskerm. Die spoor, wat deur die terugtrekkende Transvaalse kommando's erg verniel is, was nou herstel tot by Vredefortweg (die huidige Greenlands) en by Rooiwal is enorme hoeveelhede voedsel, klerasie en ammunisie opgestapel in afwagting van die oopstelling van die spoor noordwaarts na die Transvaal.[3] Dit het vir De Wet 'n geleentheid geskep wat hy nie onbenut

3. *Selections from the Smuts Papers*, I, bl. 540-549; *Times History*, IV, hfst. III, IV, VII; F. Maurice en M. H. Grant, *History of the War in South Africa compiled by the direction of His Majesty's Government* (vier dele, Londen, 1906-1910), III, hfst. III, IV, V (hierna *Official History*).

sou laat nie.


Sy verkenners onder die vindingryke kapt. Gideon Scheepers (wat later in die oorlog voor 'n Britse vuurpeloton sou sterwe) het hom op hoogte gehou van wat langs die spoor aan die gang was. Die aand van 1 Junie het De Wet met ongeveer sewehonderd man van sy laerplek by Presidentkoppie, 19 kilometer noordoos van Heilbron, na Rooiwal vertrek om, soos hy dit gestel het, 'n vet buit te gaan neem (*kyk Kaart 2*). Terwyl sy mag die middag van 3 Junie by Smitsdrif aan die Renosterrivier geskuil het, het hy berig ontvang dat 'n vyandelike konvooi ewe onbehoedsaam van Rooiwal af op pad was na Heilbron. Dit het bestaan uit 56 waens volgelaai met voorrade vir die Britse 9de Divisie op die dorp en is geleide gedoen deur 160 voetsoldate sonder artillerie — Skotse Hooglanders of Bergskotte, soos die burgers hulle genoem het.

Onder die gretige oë van die verkenners het die Bergskotte die aand laer getrek sowat vyfhonderd meter van die noordelike oewer van die Renosterrivier op die plaas Swawelkrans van kmdt. Lucas Steenkamp van Heilbron. Aangesien hy burgers in die omgewing opgemerk het, het kapt. James Corballis, bevelvoerder van die Skotte, 'n boodskapper na Vredefortweg gestuur om versterkings te vra. 'n Mag van seshonderd man het daarop gedurende die nag tot ses kilometer van die laer gemarsjeer, maar toe, volgens die amptelike Britse geskiedenis van die oorlog, teruggekeer omdat hulle niks kon gewaar nie en die troepe uitgeput was.

Die stilte van dié koue winteroggend was vir die Britte egter onheilspellend. Omstreeks dagbreek, Maandag, 4 Junie 1900, het De Wet die Bergskotte en hul konvooi in die holte van sy hand gehad. Gedurende die nag het hy met 'n afdeling burgers geruisloos langs die Renosterrivier af getrek en toe dit lig word, was die laer omsingel. Ná sonop het 'n burger met 'n wit vlag sy opwagting by Corballis gemaak. Hy het 'n boodskap van De Wet oorhandig waarin die generaal die Brit meegedeel het dat hy hopeloos ingesluit was en liewer maar moes oorgee. Kort daarna was die wit vlag in die lug en die Bergskotte met die 9de Divisie se ammunisie en proviand in Boerehande; en dit alles het so reg in die De Wet-styl geskied sonder dat 'n skoot geval het om die troepe in Heilbron of langs die spoor te waarsku.[4]

De Wet het hom nou vir die aanslag op Rooiwal voorberei. Hy sou die Britte langs die spoor op drie plekke aanval: by Rooiwal self, by die brug oor die Renosterrivier, drie kilometer verder noord, en by Vredefortweg, 22 kilometer noord van die brug. Die aand van Woensdag, 6 Junie het De Wet met sy offisiere en burgers van Smitsdrif uitgetrek. Op die plaas Walfontein het hy sy mag verdeel. Hy sou die aanval op Rooiwal persoonlik lei. Aangesien die ontsaglike stapels goedere op die stasie, volgens sy inligting, deur minder as 'n honderd troepe

4. De Wet, bl. 86-87; *Times History*, IV, bl. 262-263; *Official History*, III, bl. 126-128; War Office (W.O.) 32/7905, Proceedings of Court of Inquiry into capture of convoy near Heilbron (4 June 1900), assembled at Pretoria on 10 July 1900. P.R.O., Londen; Leyds-argief 726(e), Telegr. 1 van 5 Junie 1900. T. A. De Wet se datums i.v.m. sy verowering van hierdie konvooi, soos verstrek in sy *Strijd tusschen Boer en Brit*, is onjuis.




bewaak is, het hy tagtig man vir die poging gekies. Hulle sou gesteun word deur 'n Krupp-kanon.

By die Renosterrivierbrug was daar 'n heelwat groter troepemag. Die aanval hier het De Wet toegewys aan genl. Stoffel Froneman, met driehonderd man, twee Krupps en 'n snelvuurkanon. Vredefortweg sou aangeval word deur kmdt. Lucas Steenkamp met driehonderd man en 'n Krupp-kanon. Die troepe by Vredefortweg was weliswaar onbeduidend, maar kmdt. Steenkamp moes ook die regterflank van die aanvallers by die Renosterrivierbrug en Rooiwal beskerm teen 'n groter Britse mag verder noordwaarts langs die spoor.

Die ruiterafdelings het stil in die donker van mekaar geskei op pad na hul onderskeie doelwitte (*kyk Kaart 2*). Vroeg die oggend van Donderdag, 7 Junie 1900 het De Wet en sy tagtig man oor die oop vlakte tot agthonderd meter van Rooiwal genader. Hier word die Krupp afgehaak en opgestel. Skielik weerklink daar in die verte drie salvo's geweerskote. De Wet besef die vuur is op Froneman en sy burgers by die Renosterrivierbrug gerig. Dan is alles weer stil. Teen dagbreek stuur De Wet weer eens 'n burger met 'n wit vlag na die Britse bevelvoerder. Sy boodskap lui dat hy oor 'n duisend man en vier kanonne beskik en dat die vyand binne tien minute moet oorgee. Die boodskapper keer terug met 'n antwoord van kapt. A. G. W. Grant dat hy dit beslis nie sal doen nie. Daarna open De Wet 'n hewige vuur op die stasie, wat onmiddellik flink beantwoord word.

Grant se mag het ongeveer 170 man getel — heelwat meer as wat De Wet gereken het. Hulle was aan die oostekant van die stasie, van waar die aanval gekom het, verskans agter 'n ry trokke en die perron


van 'n goedereloods, en aan alle ander kante agter opgestapelde possakke en bale klerasie en komberse *(kyk skets)*. De Wet se burgers het plat op die grond gelê en skiet. Die Krupp was egter sonder beskutting en die generaal het die kanon tot drieduisend meter van Rooiwal laat terugtrek. Die verskuiwing is onder 'n kwaai dekvuur van De Wet se skutters uitgevoer sonder 'n ongeval onder die kanonniers of die bespanning. Vanuit hul nuwe stelling het die kanonniers daarop hul bombardement hervat en aan De Wet 'n aansienlike voordeel bo sy teenstanders besorg. Die sinkgeboutjies op die stasie is aan flenters geskiet en die verdedigers is deur vlae koeëls en bomme agter hul skuilings vasgepen.

Intussen is daar ook hard by die Renosterrivierbrug geveg. Die Britte hier het hoofsaaklik bestaan uit die 4th Derbyshire Regiment en 'n afdeling Imperial Yeomanry, altesame ongeveer sewehonderd man. Hul kamp het aan die voet van die koppies 'n kilometer noord van die brug gestaan. Twee kompanies het die brug beskerm, terwyl nog twee kompanies in die koppies bokant die kamp waggehou het. Gedurende die nag het kmdt. C. Nel van Kroonstad en sy burgers skielik die troepe by die brug oorweldig. Terselfdertyd het Froneman die koppies in die noorde bereik. Toe dit lig word, was sy burgers daarop gevestig en het hulle die kamp, wat hulle volkome beheers het, onder die koeëls gesteek en die troepe op die koppies begin opruim. Die verbaasde Britte het 'n paar uur lank vasgeskop, maar die Vrystaters se knaende kanon- en geweervuur het hulle geleidelik uitgedun en omstreeks tienuur dié oggend het die wit vlae oral gewapper. Volgens 'n amptelike verslag van De Wet is ongeveer tweehonderd Britte hier dood en gewond en vyfhonderd ongedeerd gevange geneem teenoor een burger gewond (noodlottig, soos dit later sou blyk). Froneman en sy manne het hulle meesterlik van hul taak gekwyt.

Teen dié tyd het kmdt. Steenkamp die Britte ook reeds by Vredefortweg verras en 38 gevange geneem sonder dat 'n skoot geskiet is. Later het Steenkamp en sy burgers in 'n lang skermutseling betrokke geraak met troepe wat per trein uit die noorde aangekom het. Die soldate het uiteindelik weer per trein teruggetrek nadat vyf burgers lig gewond is.

Sodra De Wet berig ontvang het dat die troepe by die Renosterrivierbrug hulle oorgegee het, het hy beveel dat Froneman se Krupp-kanonne na Rooiwal gebring word. Teen die kruisbestoking wat hy na die aankoms van dié stukke op die stasie gerig het, was die verdedigers nie bestand nie. Hulle het nog 'n tydjie volgehou, maar omstreeks 12.15

*Hierdie skets deur R. H. Wishart van genl. De Wet se aanval op Rooiwal-stasie is gekopiëer van 'n potloodskets deur kapt. A. G. W. Grant, 2nd Duke of Cornwall's Light Infantry, wat die Britse troepe op die stasie aangevoer het. Genl. De Wet se eie getuienis bevestig nie dat hy, soos Grant op sy skets aandui, van die Armstrong-kanonne wat hy by Sannaspos buitgemaak het, by Rooiwal gebruik het nie. Sy artillerie by Rooiwal het bestaan uit 'n Krupp-kanon (regs op Grant se skets), later aangevul deur nog twee Krupp-kanonne van genl. Froneman se sektor by die Renosterrivierbrug — altesame dus drie Krupp-kanonne.*


Attack on Rooiewall Railway Station
on
7th June 1900
Dimensions of station defended, 80 yards long by 40 feet broad
2nd Position
1st Position
Boers Advance
Small Shed
Small Shed
Mail Bags
Station Room
Bales
Boxes
Mess House
Station Masters House
Platform
Goods Shed
Railway
Trucks
Pan
Dip in ground
ridge about 500 from Station
out of rifle range 1 hour
Armstrong captured at Sanna's Post
out of rifle range
Fired a few shells at the finish
Boers Extended
Dip in the ground
Kaffir Kraal
6 hours
2nd Position 1700 yds
3rd Position 2000 yds
Sketched by

nm. is die wit vlag gehys. Die Britse verliese, soos De Wet dié aand berig het, was sewe gesneuwel, 23 gewond en die res, ongeveer 140, ongedeerd gevange geneem. Sy eie ongevalle was twee burgers gewond.[5]

Die buit wat hiermee in die generaal se hande geval het, was die grootste wat in die oorlog deur die Boere verower is. Die bale klerasie en kiste ammunisie en ander benodigdhede wat in ontsaglike hoeveelhede in die verskansings en elders op die stasie en in die spoorwegtrokke opgestapel was, het De Wet en sy burgers verstom. Daar was duisende kiste geweerkoeëls en kanonammunisie van allerlei kaliber, met inbegrip van die groot liddietgranate vir lord Roberts se twee negeduims-vestingkanonne. Daar was duisende winteruniforms (of pakke warm klere, soos De Wet dit gestel het), jasse, wolklere, warm onderklere, skoene, sokkies, handskoene en komberse, genoeg om die ganse Vrystaatse burgermag rojaal uit te rus. Die voedselkiste het onder meer blikkiesvleis, ingemaakte vrugte, koffie en suiker bevat. Dit het De Wet ter harte gegaan dat slegs 'n betreklik geringe getal burgers in dié enorme buit sou kon deel, want om alles te vervoer was buite die kwessie. Met groot Britse magte in die omgewing, sou verreweg die grootste gedeelte so gou moontlik vernietig moes word.

Ongelooflike tonele het hulle afgespeel nadat De Wet sy burgers toegelaat het om te vat wat hulle wou. Eerste aan die beurt was die groot voorraad sjampanje. 'n Heildronk is gedrink op lord Roberts wat alles vir hulle so mildelik voorsien het. Toe is drie dawerende hoeras gegee vir „Oom Christiaan". In die buitery wat nou aan die orde gekom het, was die burgers weldra van kop tot tone deftig uitgevat in splinternuwe wintermonderings, baie van hulle met vet sigare in die mond. Die pakette uit die twee groot posbesendings van ongeveer tweeduisend sakke vir lord Roberts se leër het 'n asemrowende skat gelewer: horlosies, verkykers, klerasie, waterflesse, rookgoed, koek, sjokolade. „Jy kon feitlik van 'n anker tot 'n naald daar gekry het," het kmdt. C. A. van Niekerk (later jare lank president van die Suid-Afrikaanse Senaat) hom herinner. Ook die Britse krygsgevangenes het hulle met De Wet se toestemming op die buit gewerp en hul eie pos geesdriftig beroof, terwyl hulle ewe gemoedelik met die burgers gesels het.

In dié omstandighede kon De Wet later slegs met die grootste moeite genoeg burgers van die buit wegkry om belangriker werk te doen. Hy het nietemin daarin geslaag om tussen vyf- en seshonderd kiste kanon- en Lee-Metfordammunisie tot driehonderd meter van die stasie te laat wegdra. Verder is die treinspoor oor 'n afstand van ongeveer 16 kilometer verbreek en al die brûe vernietig, met inbegrip van die Renosterrivierbrug wat vroeër reeds deur die terugtrekkende kommando's in die lug geblaas

5. De Wet, *De Strijd tusschen Boer en Brit,* bl. 87-90, en *Three Years War (October 1899-June 1902)* (Londen, 1902), bl. 130-137; *Times History,* IV, bl. 264-265; *Official History,* III, bl. 129-131; W.O. 105/8, Reports by Capt. W. P. Anderson, Q.M.S. J. H. Mills, Col. N. L. Pearse and Capt. E. B. Bailey (June-July 1900); W.O. 105/11, Report by Capt. A. G. W. Grant (21 Sept. 1900); Leyds 726(f), Telegr. 28 van 8 Junie 1900, en 726(g), Telegr. 20 van 10 Junie 1900 (verslae van De Wet).

en pas tevore weer deur die Britte herstel is.

Laat in die middag is voorbereidsels getref om die goedere wat agtergelaat moes word, te verbrand en die ammunisie te laat ontplof. Omstreeks sononder het De Wet die burgers en hul gevangenes opdrag gegee om na sy kamp op Doringdraai koers te vat. Die burgers se perde was so volgelaai van die buit dat daar vir baie geen plek op die saal was nie en hulle hul diere moes lei. Ook die krygsgevangenes het swaar vragte probeer wegdra. Sommige kon onder die las nie voortbeweeg nie en moes streep-streep langs die pad artikels neergooi wat hulle nie verder kon dra nie. Daarna het De Wet vyftien man gekies om die agtergelate voorrade op verskeie plekke aan die brand te steek. Die opslagplek was gou in ligte laaie en die generaal en sy manne moes haastig wegjaag. Toe hulle ongeveer 1 500 meter van die stasie was, het die ammunisie met geweldige slae ontplof en 'n groot vuursuil het in die lug op geskiet.[6]

De Wet het sy strooptog hiermee op skouspelagtige wyse afgesluit. Die aanslag is uitgevoer met die kleurrykheid en taktiese behendigheid wat steeds sy optrede as bevelvoerder gekenmerk het. Hy het met gemak tussen die Britse troepe deurgeglip en die vyand onverwags getref op sy kwesbaarste punt. Met die verlies van een dood en sewe gewond, het hy, met inbegrip van die Bergskotte by Swawelkrans, meer as 1 100 Britte buite aksie gestel, onder wie (volgens sy eie opgawe) sowat 230 gesneuwel en gewond. Lord Roberts se verbindingslyn is erg verniel en van die voorrade van sy leër het nie veel meer oorgebly nie as verbrande rommel en 'n groot gat in die grond. Dit was houe soos hierdie wat De Wet se naam 'n legende gemaak het in die Republieke, in die Britse leër en oor die wêreld.

Die ammunisie wat De Wet van Rooiwal laat wegdra het, het hy die volgende nag in die geheim op sy plaas Rooipoort, vyf kilometer ten weste van die Renosterrivierbrug, laat begrawe. Hy het dit later, weer eens in die nag, laat oorplaas na 'n grot op die plaas van genl. Wessel Wessels van Harrismith; en in die latere stadiums van die oorlog, toe feitlik al die burgers met Britse Lee-Metfordgewere bewapen was, is hul skietgoed telkens uit dié magasyn aangevul.[7]

Die vernaamste uitwerking van Rooiwal was egter dat dit meegehelp het om die vlam van verset in die Republieke weer helderder te laat brand, nie net in die Vrystaat nie, maar ook in die Transvaal, waar dit ná die verowering van Johannesburg en Pretoria pas tevore maar taamlik dof geflikker het. De Wet se verslag van sy sukses het kmdt.-genl.

6. De Wet, *De Strijd tusschen Boer en Brit*, bl. 90-93; H. C. Hopkins, *Maar Één soos Hy, die Lewe van Kommandant C. A. van Niekerk* (Kaapstad, 1963), bl. 79-84; *Detailed History of the Railways in the South African War 1899-1902* (twee dele, Royal Engineers Institute, Chatham, 1904), I, bl. 84-85; *The Bloemfontein Post*, 22 Junie 1900; *De Nieuwe Rotterdamsche Courant*, 5 Okt. 1900; Leyds 726(f), Telegr. 28 van 8 Junie 1900, en 726(g), Telegr. 20 van 10 Junie 1900.
7. De Wet, bl. 94, 167-169; J. D. Kestell, *Christiaan de Wet, 'n Lewensbeskrywing* (Kaapstad, 1920), bl. 75.

Louis Botha op 10 Junie 1900 op die vooraand van die slag by Donkerhoek oos van Pretoria bereik. Ná al die terugslae van die vorige weke was dié nuus vir Botha en sy kommando's ongetwyfeld 'n verdere spoorslag om die toekoms, soos De Wet dit gestel het, as't ware met knersende tande tegemoet te gaan en die oorlog voort te sit.[8]


Die tweede geveg wat in oënskou geneem sal word, is genls. Koos de la Rey en Christiaan Beyers se aanval op 13 Desember 1900 op 'n Britse troepemag op die plaas Nooitgedacht aan die Magaliesberg ongeveer 64 kilometer wes van Pretoria. Teen hierdie tyd was die Suid-Afrikaanse Republiek ook reeds soos die Vrystaat ten tyde van Rooiwal formeel by die Britse Ryk ingelyf. Pres. Kruger was 'n banneling in Europa. Die oorweldigende Britse leër het die hele suidelike helfte van die Transvaal binnegedring en in die vernaamste stede en dorpe sowel as op strategiese plekke langs die spoorweë en paaie was daar Britse garnisoene. Tussenin het mobiele kolonnes beweeg om die gebied van verdere weerstand skoon te vee.

Dit was egter 'n taak wat vir die Britte steeds moeiliker geword het. Reeds gedurende sy lang terugtog langs die treinspoor na Lourenço Marques het genl. Louis Botha met die reorganisasie van die Transvaalse krygsmag begin. Die plan was dat die kommando's geleidelik voor die Britse leër sou verdwyn en oor die ruimtes van die Republiek sou versprei, elk na sy eie omgewing. Teen Desember 1900 was Botha se reorganisasie voltooi. Die Transvaal is in vyf groot operasiegebiede verdeel: die Oos-Transvaalse hoëveld suid van die spoor na Lourenço Marques waar Botha benewens sy algemene opperbevel as Kommandant-generaal persoonlik die bevel gevoer het, die Suidoos-Transvaal onder sy broer, genl. Chris Botha, die Oos-Transvaal noord van die spoor onder genl. Ben Viljoen, die Noord-Transvaal onder genl. Christiaan Beyers en die Wes-Transvaal onder genl. Koos de la Rey[9] *(kyk Kaart 3).*

In sy uitgebreide bevelsgebied het die 53-jarige De la Rey sedert Julie 1900 die kommando's op merkwaardige wyse weer in aksie gebring nadat die Wes-Transvalers in die weke voor en ná die inname van Pretoria op groot skaal gehendsop het; en in die begin van Desember was hy gretig op die loer vir 'n geleentheid om die vyand behoorlik toe te takel. Afgesien van ander oorwegings, was die burgers se klere besig om deur te slyt en sy Mauserammunisie was in so 'n mate aan die opraak dat dit nodig begin word het om oor te skakel na Lee-Metfordgewere.[10]

Vir al hierdie benodigdhede was De la Rey natuurlik aangewese op die onuitputlike voorrade van die Britse leër. Op Maandag, 3 Desember 1900 het hy sy kans gekry. Bygestaan deur staatsprokureur Jan Smuts wat nou op 30-jarige ouderdom een van sy generaals was,

8. De Wet, bl. 84; Leyds 726(f), Telegr. 28 van 8 Junie 1900, en 726(g), Telegr. 20 van 10 Junie 1900.
9. Slagorde van Transvaalse krygsmag, 1900-1901, in private oorlogsdokumente van adv. N. J. de Wet, militêre sekretaris van genl. Botha, 1900-1902, in my besit; *Selections from the Smuts Papers,* I, 561-574; *Times History,* IV, bl. 458, en V, hfst. II.
10. *Selections from the Smuts Papers,* I, bl. 565-637.




het hy onverwags 'n gedeelte van 'n vyandelike konvooi onder stof geloop by Buffelspoort op die pad van Pretoria na Rustenburg noord van die Magaliesberg — 'n roete wat die Britte met noodlottige gerustheid so veilig geag het soos Piccadilly.[11] Ongeveer 120 soldate is hier buite aksie gestel en 126 volgelaaide waens is gebuit, wat benewens voorrade soos stewels en klerasie ook 'n verskeidenheid lekkernye en Kersgeskenke vir die garnisoen op Rustenburg bevat het.[12]

De la Rey het nouliks die Krismiskonvooi, soos hy dit genoem het, in die pan gehak of 'n groter prooi het op die toneel verskyn. Genl.-maj. R. A. P. Clements het met 'n mag van meer as 1 500 man met nege kanonne en 'n bom-maxim weswaarts begin opruk in die Moot, die pragtige vallei tussen die Witwatersberg en die Magaliesberg. Soos met sy vorige besoeke aan die Moot. kon Clements se aantog gevolg word deur die opstygende rook en vlamme van die plaaswonings wat hy in hierdie vrugbare landboustreek meedoënloos geplunder het. Die middag van 8 Desember het hy sy kamp opgeslaan op die plaas Nooitgedacht, waar die Magaliesberg driehonderd meter hoog — vir 'n groot gedeelte loodreg — oprys uit die vlakte. Sy kamp het aan die voet van die berg gestaan by die ingang van 'n beboste kloof waarin 'n voetpad tussen die hoë

11. *Official History*, IV, bl. 3.
12. *Selections from the Smuts Papers*, I, bl. 637-640; *Official History*, IV, bl.2-6; De la Rey-versameling 17, Herinneringe van genl. De laRey 1899-1901, bl. 80-83. T.A.

kranse opgeklim het en 'n helder stroompie na benede spring *(kyk Kaart 4).*


Die kloof was dan ook die rede vir Clements se keuse van sy kampplek. Dit het water gehad vir sy troepe en diere en toegang verleen tot die kruin, van waar hy per heliograaf in verbinding kon tree met brig-genl. R. G. Broadwood se 2de Kavalleriebrigade op Kromrivier, noord van die Magaliesberg, ongeveer 13 kilometer na die noordweste. Die plan was dat hy en Broadwood sou saamwerk om die kommando's uit dié omgewing te verdryf.

De la Rey het die kampeerdery met groot voldoening gadegeslaan. Vir 'n taktikus van sy kaliber was die nadele van die kampplek wat Clements gekies het, maar alte klaarblyklik. Die posisie word volkome beheers deur die rotsige kruine aan weerskante van die kloof. Boonop was die vier kompanies Northumberland Fusiliers wat Clements op die berg laat stelling neem het — twee kompanies (d.w.s. ongeveer 150 man) op elke kruin — prakties afgesny van die kamp. Ingeval van 'n aanval op die berg kon hulle langs die steil voetpad in die kloof nie gou versterk of teruggetrek word nie.

Op 10 Desember 1900 het De la Rey met Smuts en 'n paar ander offisiere die kamp sorgvuldig verken. Dit was sy voorneme om Clements die volgende nag aan te val, maar op 11 Desember het hy berig ontvang dat genl. Beyers, bevelvoerder van die Noord-Transvaalse kommando's, hom met 1 500 man en twee kanonne by Bethanië in die gebied van hoofman Koos Mamagalie, 24 kilometer noord van die Magaliesberg, bevind het en dat hy op pad was om hom by De la Rey aan te sluit. De la Rey het gevolglik besluit om met sy voorgenome aanval te wag totdat Beyers opgedaag het. Hulle sou dan oor altesame ongeveer 2 500 man beskik.[13]

Beyers was indertyd 'n jong man van 31, 'n prokureur van Boksburg en gewese rugby-voorspeler van Transvaal. In die groot veldslae in Natal het hy geveg as 'n gewone burger in die loopgrawe en toe genl. Botha hom in September 1900 tot assistent-kommandant-generaal in die Noord-Transvaal benoem, was hy nog maar 'n assistent-veldkornet.[14] Hoewel hy in daardie wêreld 'n onbekende was, het hy, ná aanvanklike teenstand, sy kommando's uitmuntend gereorganiseer en versterk, en hy was nou gereed om hulle op die slagveld aan te voer. Sy 104 kilometer lange tog gedurende die afgelope dae van Warmbad na Bethanië met 'n yslike bagasietrein van ongeveer 'n honderd waens was reeds 'n besondere prestasie. Hy was nou voornemens om in die nag van 11-12 Desember 1900 van Bethanië af deur Kromrivierkloof en Breedtsnek oor die Magaliesberg te trek tot in die Moot, 'n afstand van 38 kilometer oor ruwe, amper onbegaanbare terrein.

13. *Selections from the Smuts Papers*, I, bl. 602-613, 641-642; De la Rey-versameling 17, Herinneringe, bl. 80-85; Preller-versameling 80, Kmdt. L. E. Krause, *Anglo-Boer War*, bl. 182-190. T. A.; C. J. S. Strydom, *Ruitervuur* (Kaapstad, 1970), bl. 141; *Times History*, V, bl. 96-101; *Official History*, IV, bl. 2-13.
14. G. D. Scholtz, *Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914* (Johannesburg, 1941), bl. 11-19, 29-34.


KAART 4
BEYERS 11 Des
na Rustenburg
Elandskraal
na Pretoria
BROADWOOD 11 Des
Buffelspoort
NOOITGEDACHT
13 Desember 1900
Britse stellings en bewegings
Boere-bewegings
Paaie
Myl
Kilometer
BROADWOOD 8 Des
KEMP
MARAIS
MAGALIESBERG
BEYERS 12 Des
VAN STADEN
KRAUSE
CLEMENTS
Nooitgedacht
VAALKOP
BADENHORST
Boschfontein
DE LA REY
SMUTS
Hekpoort
N
WITWATERSBERG

Op hierdie roete het die kamp van Broadwood se kavalleriebrigade, wat dié oggend — 11 Desember — van Kromrivier na Elandskraal verskuif is, reg in sy pad gestaan. Beyers was vasberade om die kamp desnoods dié middag aan te val en die ruitery te verdryf, hoewel hy sou verkies het om 'n geveg te vermy en ongemerk na De la Rey toe deur te glip. Soos dit sou blyk, het hy egter op 'n ander manier van Broadwood ontslae geraak. Die uitermate vriendelikheid waarmee Koos Mamagalie hom en sy burgers ontvang het, het Beyers se agterdog gewek. Hy het daarop die indruk laat posvat dat hy van plan was om Rustenburg aan te val. Só is die Britte ook spoedig ingelig, en Broadwood het dié middag — tot verbasing van Beyers se verkenners, wat hom dopgehou het — sy kamp haastig opgebreek en ylings in die rigting van Rustenburg weggejaag.[15]

Die pad het hiermee vir Beyers oopgestaan, maar ten spyte van 'n vermoeiende tog dwarsdeur die nag het sy waens en die grootste gedeelte van sy krygsmag met dagbreek die volgende oggend — Woensdag, 12 Desember — nog in 'n lang stoet in die verweerde ou wapad teen die rotsagtige noordelike hange van die Magaliesberg gestaan. Beyers het gelas dat sy burgers 'n tydjie rus en hul reis dan sonder verdere versuim deur Breedtsnek voortsit, 'n trek wat hulle die middag eers voltooi het.

Intussen het De la Rey dié oggend vir Beyers in die nek ontmoet. Vergesel van 'n paar van Beyers se offisiere, onder wie kmdt. Jan Kemp, die latere vurige veggeneraal, en kmdt. Lodi Krause, wat soos genl. Smuts 'n oud-student van Stellenbosch en Cambridge was, het die twee generaals ooswaarts in die Moot af gery tot 'n koppie ongeveer vyf kilometer suidwes van Nooitgedacht, van waar hulle 'n uitsig gehad het op Clements se kamp. Hier het hulle ooreengekom om die Britte die volgende oggend — Donderdag, 13 Desember 1900 — sodra dit lig word aan te val.

Die plan was kortliks dat Beyers met die grootste gedeelte van sy mag die Britse verskansings op die Magaliesberg sou bestorm. 'n Afdeling van sy burgers sou in Breedtsnek agtergelaat word om vir Broadwood dop te hou en Beyers se aanval van agter te beskerm. In die Moot sou De la Rey die aanslag op Clements se kamp lei. Hy sou self met die Rustenburg-kommando die rantjies ten weste en suide van Nooitgedacht, waar Britse wagte reeds in posisie was, aanval. Een van Beyers se kommando's, dié van die distrik Pretoria onder kmdt. C. P. S. Badenhorst, sou met twee kanonne op De la Rey se linkerflank aan die voet van die Magaliesberg opruk. Smuts sou met 'n kommando Krugerdorpers en De la Rey se verkenners onder kmdt. Koos Boshoff die rantjies suidoos van die kamp, en veral die sleutelstelling Vaalkop, aanval. Dit was duidelik dat indien Clements van sy kamp verdryf sou word, hy na Vaalkop sou moes terugtrek. Indien Smuts dus hierdie kop kon verower en behou, sou die Britte se ontsnappingsroete versper wees en sou hulle

15. Preller-versameling 80, Krause, *Anglo-Boer War*, bl. 162-173, 179-186; J. F. Naudé, *Vechten en Vluchten* (Rotterdam, 1903), bl. 178-187; *Times History*, V, bl. 97-99, 105-106.

met kamp en al vasgetrap kon word.[16]

Veral aan Beyers se burgers sou die voorgenome krygsverrigtinge besondere eise stel. Hulle het die vorige nag geen slaap gehad nie en hul trek oor die Magaliesberg tot op die plaas Boschfontein in die Moot het tot dié middag voortgeduur. Teen sononder het Beyers sy manne bymekaargeroep. Onder die ruwe bergkranse het honderde burgers daarop met ontblote hoofde neergekniel terwyl hul kleurryke kapelaan ds. A. P. Kriel hulle voorgegaan het in gebed. Omstreeks middernag het Beyers met 'n sterk ruitermag in die donker in Breedtsnek op gery. Bo-op die berg het hy met die Waterbergers onder kmdt. M. P. van Staden en die verkenners onder Lodi Krause regs gedraai en al op die berg langs na die westelike kruin bokant Nooitgedacht koers gevat. Kemp met die Krugersdorpers en kmdt. Ernst Marais met die Soutpansbergers het die berg oorgesteek en aan die voet daarvan voortgery om die kruin aan die oostekant van die kloof by Nooitgedacht vanuit die noorde te nader. Die hele aanvalsmag het ongeveer 750 man getel.

Nadat Beyers se afdeling vyf en 'n half kilometer op die berg afgelê het, het hy gelas dat die burgers hul perde agterlaat. Hulle was nog sowat 'n anderhalf kilometer van die voorste Britse stelling en het in verspreide orde verder gestap. Regs, langs die suidelike kruinlyn van die Magaliesberg — bokant die loodregte kranse — het Krause se verkenners beweeg. Links van hulle het die Waterbergers gestap, met Beyers vooraan, rewolwer in die een hand en karwats in die ander.

In hierdie stadium breek 'n hewige en volgehoue skietery los in die Moot. Dit is Badenhorst se burgers wat in die donker vinniger gevorder het as wat die plan was en op die rant ten weste van die kamp in 'n verwoede geveg met Clements se berede infanterie betrokke raak. Die skietery begin reeds weer wegsterwe toe die verkenners op die berg teen die vyand bots. Terwyl hulle versigtig in die oggendskemering aanstap, kraak daar skielik 'n salvo geweerskote van agter 'n paar rotse tagtig meter voor hulle. Ses burgers byt in die stof. Krause skreeu vir sy manne om plat te val en te vuur. Hulle doen dit en hul koeëls gons op die rotse. Toe die vyandelike salvo's begin afneem, spring Krause op. „Voorwaarts! Voorwaarts!" roep hy uit, en onder 'n flink dekvuur van 'n gedeelte van sy burgers lei hy die res met 'n vinnige stormloop tot binne die Britse stelling. Tien Tommies lê dood en gewond en 15 word gevange geneem. Dis nou 4.30 vm. en die son begin haas opkom.

Die ander Britse stellings kom daarna een vir een aan die beurt. Krause gaan voort met sy taktiek: die helfte van sy burgers storm terwyl die res die verdedigers met hul vuur plat hou agter die rotse. Omstreeks sesuur het die verkenners reeds ses stellings oorweldig en kyk hulle van die hoë kranse af neer op die kamp. Die hele westelike kruin is trouens

16. *Selections from the Smuts Papers,* I, bl. 642-643; De la Rey-versameling 17, Herinneringe, bl. 85-86; Krause, bl. 187-190; Naudé, bl. 187-189; D. S. van Warmelo, *Mijn Commando en Guerilla Commando-Leven* (Amsterdam, 1901), bl. 123-124; *Times History,* V, bl. 98.

in Beyers se besit, want ook die Waterbergers het die stellings voor hulle platgeloop. Beyers self het sy manne onverskrokke gelei — en soms, waar nodig, gedryf met die kragtige slae van sy sweep.

Van die westelike kruin af kon Beyers se burgers die Britte op die oostelike kruin in die flank en skuins van agter beskiet. 'n Aantal van hulle, skynbaar hoofsaaklik die verkenners, het hulle oor die nek gehaas om met Kemp en Marais se manne saam te werk, en ná 'n kort, hewige geveg het die oorblywende verdedigers die stryd gewonne gegee. Intussen het ander burgers op die kranse bokant die kloof 'n slagting aangerig onder 'n afdeling Britte wat in 'n lang tou in die voetpad opgeklim het om hul makkers op die berg te gaan versterk. Volgens Boere-ooggetuies was die stroompie in die kloof vir 'n tyd lank rooi van die bloed van gesneuwelde soldate.[17]

Ondanks sy oorwig in manskappe, was Beyers se aanval 'n knap stuk werk — soos genl. Smuts dit in sy herinneringe stel: „Only those who have been in it know what spirit and nerve are required to storm in broad daylight, albeit in superior numbers, an entrenched enemy who is waiting for you. It is the moment when the stoutest quail and the instinct to seek shelter often proves stronger than the most determined courage. And even in Beyers's army there were men whom this terrible ordeal unnerved. It is told of Kemp, who was then one of Beyers's most dashing commandants, that, retiring some little way down the mighty precipices to look for some missing burghers, he came on a small party who were holding a prayer-meeting in comfortable shelter at the hottest stage of the fight. To his indignant question what they were doing there, these wily folk replied that, like Aaron and Hur, they were holding up the arms of Moses in prayer so that victory might be secured to the Lord's people! I am afraid that their comfortable praying was rudely disturbed by the swing of the sjambok. What else could you do to such canting cowards? On the whole the religious character of Beyers made his commando a unique combination of praying and fighting even for the Boers — but each at the right time and not to the detriment of the other."[18]

Omstreeks sewe-uur was die bloedige geveg op die Magaliesberg beëindig en van die kruine af het Beyers se burgers op die kamp begin vuur so vinnig as wat hulle hul gewere kon laai.[19]

Met die berg in Boerehande, ongeveer 'n derde van sy troepe dood, gewond of gevange geneem en sy kamp onder 'n haelbui koeëls, moes Clements so gou moontlik red wat nog gered kon word. Die rante wes en suid van sy kamp is gehou deur sy berede infanterie. Dit was hulle wat voor dagbreek kmdt. Badenhorst se aanslag die hoof gebied en afgeslaan het. Daar was gevoelige verliese aan albei kante en die Britse

17. Krause, bl. 190-192; Naudé, bl. 189-193; *Selections from the Smuts Papers*, I, bl. 643-644; D. Reitz, *Commando* (13de druk, Londen, 1968), bl. 132-137; Van Warmelo, bl. 125-133; Strydom, bl. 142-146; *Times History*, V, bl. 100-103.
18. *Selections from the Smuts Papers*, I, bl. 644-645.
19. Krause, bl. 192; *Official History*, IV, bl. 16; *Times History*, V, bl. 102-103.

bevelvoerder in dié sektor, kol. N. Legge, het gesneuwel. Maar De la Rey het nie teen dagbreek die geveg hier hervat nie. Hy het later verduidelik dat hy eers seker wou maak dat Beyers se aanval slaag[20] — 'n onverwagte skroomvallige houding vir so 'n stoere ou vegter.

Suidoos van die kamp kon Smuts ook nie Vaalkop verower nie. Hy kon in die donker nie mooi uitmaak waar Vaalkop was nie en moes wag tot dit lig word. Teen dié tyd is die vyand reeds deur Badenhorst se aanval op sy hoede gestel en het hy sy wagte op Vaalkop versterk. Ondanks herhaalde pogings met sy beste manne kon Smuts gevolglik nie 'n stewige vastrapplek op die kop verkry nie.

Clements het nou opdrag gegee dat al sy oorblywende troepe op Vaalkop saamtrek. Sy kanonne het die aftog gedek en hul granate, met inbegrip van die groot liddietbomme van 'n 4.7 duims-skeepskanon, het skouspelagtig op die kruine van die Magaliesberg ontplof. Met groot moeite en onder knaende geweervuur is ook die kanonne uiteindelik teruggetrek en omstreeks 10.30 vm. was die oorblyfsels van Clements se mag op Vaalkop versamel. Sy kamp met die grootste gedeelte van sy waens, perde, voedsel en ammunisie moes egter agtergelaat word.

Vir die burgers het die kamp onmiddellik 'n onweerstaanbare aantrekkingskrag geword. Beyers se manne het hulle in die kloof af daarheen gehaas; De la Rey se burgers en die meeste van dié van Smuts het oor die vlakte daarop afgepyl, en 'n lustige buitery was weldra in volle gang. Nòg die pogings van De la Rey en Beyers, nòg die sporadiese artillerievuur van Vaalkop af kon hulle daartoe bring om die aanval voort te sit, en om 3.15 nm. het Clements sy troepe feitlik ongestoord ooswaarts begin terugtrek in die Moot.[21]

Smuts en 'n klompie burgers het hulle op 'n eerbiedige afstand gevolg, maar ná 'n rukkie teruggekeer na die kamp waar hulle teen sononder aangekom het. Die toneel wat hy hier aangetref het, het Smuts soos volg in sy herinneringe beskryf: „What a sight met my eyes! An indescribable pandemonium in which psalm-singing, looting and general hilarity mingled with explosions of bullets and bombs to give a tragi-comic character to the whole. Kemp had unwisely set most of the wagons on fire, and as many of them contained ammunition cases, the camp resembled more the rattling fire of an action than a quiet possession for ever. All round the camp groups of our horses were tethered together having a good time from Clements's ample commissariat. Here parties were wandering about the tent looking for rare objects in the officers' kits; there another group were discussing over a bottle of rum, with tears of enjoyment in their eyes, the incidents of the day; here some zealous young fellows were poring over the papers of General Clements for valuable information, and close to them a burning wagon resembled a blockhouse in action. On the other side of this wagon the veteran Rev.

20. De la Rey-versameling 17, Herinneringe, bl. 86.
21. *Times History,* V, bl. 103-105; *Official History,* IV, bl. 16-20; *Selections from the Smuts Papers,* I, bl. 643-646; Krause, bl. 192; Reitz, bl. 137; Van Warmelo, bl. 134-137.

A. P. Kriel was eloquently expressing the feelings of joy and thanks of his large audience, into which a broadside or volley would from time to time be poured from the fateful ammunition wagon. My neighbour's devotions were rudely interrupted by a bullet in his leg, and in other parts of the field the devil was playing the same uncanny pranks with the devotional temper of the burghers. And there — sitting on some officer's low stool and taking in the whole scene with a smile lighting up his weary noble face — was our veteran old leader de la Rey, whose hard work had at last met its reward and whose heart was stirred by a sense of gratitude which went deeper than the eloquent words of the Rev. Kriel could express, and was satisfied with a silent wistful contemplation of the whole scene."[22]

Soos in die geval van die Krismiskonvooi, het genl. Broadwood weer eens nie sy krygsmakkers te hulp gekom nie. Hy en sy kavallerie was naby Rustenburg, 24 kilometer na die noordweste, toe die geveg op die Magaliesberg begin. Toe hy die rumoer van die slag hoor, het hy weliswaar, volgens Krause, per heliograaf navraag gedoen of hy Clements moes kom help. 'n Wakker heliografis by Beyers se burgers in Breedtsnek het die boodskap onderskep en Broadwood gerusgestel. „All right, no assistance needed," het hy teruggeflits. Getrou aan sy middelpuntvliedende neigings, soos Smuts dit gestel het, het hierdie wisselvallige Britse generaal die dag toe vreedsaam deurgebring en Clements, hoewel onopsetlik, oorgelaat aan sy lot.[23]

Nooitgedacht was nie een van De la Rey se beste gevegte nie. Sy aanval was nie goed met dié van Beyers gekoördineer nie. Sy burgers het ook nog nie oor die dissipline beskik wat hy later by hulle sou afdwing nie. Daarbenewens het hy in genl. Clements te doen gehad met 'n gedugte teenstander wat hom ná die verlies van die Magaliesberg vasberade losgeveg het uit sy verknorsing en met meer as die helfte van sy troepe en al sy kanonne ontkom het.

Tog het De la Rey en Beyers getoon dat hulle, soos De Wet, meesters was van die beweeglike krygsverrigtinge wat die oorlog in hierdie stadium vereis het. Deur goed te verken en vinnig te maneuvreer het hulle hul kommando's ongemerk gekonsentreer teen 'n afgesonderde Britse troepemag op terrein wat vir hom takties ongunstig was, en hulle het die Britse leër sy grootste nederlaag toegedien sedert hy vyf maande tevore die Transvaal binnegemarsjeer het. Volgens die amptelike Britse verlieslys het 638 soldate in die slag gebly — dooies, gewondes, vermistes of gevangenes.[24] Verder het die kamp 'n groot buit opgelewer: perde en muile, saals en tooms, kanon- en bom-maximammunisie, Lee-Metford-gewere en -patrone en 'n groot hoeveelheid voedsel. Daarteenoor was die Boereverliese, volgens De la Rey, 17 gesneuwel en 61 gewond.[25]

22. *Selections from the Smuts Papers,* I, bl. 645-646.
23. Krause, bl. 194-196; *Selections from the Smuts Papers,* I, bl. 647; vgl. *Times History,* V, bl. 105-106.
24. *Official History,* IV, bl. 20.
25. De la Rey-versameling 17, Herinneringe, bl. 87; Krause, bl. 193; Naudé, bl. 192.

Vir die Britte was Nooitgedacht 'n besonder onwelkome en ergerlike kommentaar op lord Roberts se verklaring enkele dae tevore dat die oorlog so goed as verby was, behalwe vir die bedrywighede van 'n paar rowerbendes.[26]

Rooiwal en Nooitgedacht, albei gevegte uit die begin van die guerillastryd, was 'n voorbeeld van die houe wat die Boere hul teenstanders telkens gedurende die laaste 18 maande van die oorlog toegedien het, gewoonlik na nederlaag en wanordelike vlug of periodes van bedrieglike kalmte. De Wet, De la Rey en Beyers se toepassing van die krygsbeginsels van beweeglikheid, sekuriteit, verrassing en buigsaamheid was puik. Daarby is hul optrede gekenmerk deur 'n onwrikbare vasberadenheid en 'n kleurrykheid wat hul suksesse oor die wêreld laat weerklink het.

Reeds in die groot defensiewe veldslae in die begin van die oorlog het die Boere deur hul radikale vernuf en oorspronklikheid die Britse oogmerk verydel om die Republieke in 'n kortstondige veldtog te verpletter. Maar dit was veral in die uitgerekte guerillaoorlog dat genls. Botha en De Wet, die republikeinse opperbevelhebbers, en hul medegeneraals die prys vir hul onafhanklikheid steeds hoër opgeskuif het totdat dit aan die einde van die oorlog soos volg daar uitgesien het: 'n totale Britse ongevallelys (met ingebrip van siektegevalle) van 97 500, onder wie minstens 22 000 gesneuwel en aan wonde of ander oorsake oorlede[27], 'n oorlogskoste vir Brittanje van £250 miljoen, en 'n onmeetlike verlies aan Britse prestige. Die imperiale gedagte was sy morele aansprake kwyt en Brittanje se selfversekerde en gloeiende uitbreidingsdrang was vir goed geblus.[28]

Die meedoënlose geweld waarmee Brittanje die oorlog in hierdie stadium gevoer het, het verseker dat hy een van sy vernaamste doelwitte nie sou bereik nie, naamlik die vernietiging van die nasionale gevoel van die Republikeinse Boere. Dit het die teenoorgestelde uitwerking gehad en hul nasionalisme aangewakker. In hierdie omstandighede het die dramatiese oorwinnings wat die Boeregeneraals en hul burgers tot in die laaste maande van die oorlog behaal het, 'n groot bydrae gelewer. Hulle het die Boerevolk sy trots en selfrespek laat behou. Die uiteindelike verlies van die Republieke se onafhanklikheid — na meer as twee en 'n half jaar van taai weerstand en opoffering — het 'n diepe hunkering daarna laat voortlewe. Dit het in 'n hoë mate die gang van die Suid-Afrikaase geskiedenis in die twintigste eeu bepaal.

26. *Selections from the Smuts Papers*, I, bl. 658; *Times History*, IV, bl. 484-489.
27. *Times History*, VII, bl. 24-25.
28. A. P. Thornton, *The Imperial Idea and its Enemies, A Study in British Power* (New York, 1966), bl. 106-110; L. C. B. Seaman, *Post-Victorian Britain 1902-1951* (Londen, 1966), bl. 9-10.